14 Maart 2010

Tema: Kameelknieë

Skriflesing: Jak 5:13-20

Votum en Groetseën

Psalm 145:1 (Staan)

Ek wil u lof getrou verkondig, Heer,

dit uitdra oral, altyd, meer en meer.

'n Loflied kom U toe van dag tot dag

van elkeen, van geslag tot ver geslag.

Psalm 145:2

My Koning, U is ondeurgrondelik;

u Naam is groot, u maaksels wonderlik.

U werk is magtig, magtig is u daad.

Die mense moet dit hoor

en daarvan praat

Psalm 145:9

Ek sal die lof verkondig van die Heer,

dit uitdra, altyd, oral, keer op keer.

Laat al wat leef Hom prys en almal saam

sing van sy heilige en grote Naam.

Skriflesing:

Jak 5:13-20

Jak 5:13 As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing.
14 As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here.
15 En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word.
16 Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking.

17 Elia was ‘n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.
18 Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer.
19 My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring,
20 weet dan dat hy wat ‘n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat ‘n menigte sondes vergewe word.

Prediking

Psalm 40:1

Ek het na God se hulp gesmag,

ek het die Here lank verwag.

Hy het na my toe afgebuig,

sy oor na my geroep geneig.

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

Psalm 116:1 (Staan)

God het ek lief, omdat Hy my verhoor.

Ek was beangs; het na my geluister.

Toe ek Hom roep

vanuit die dood se duister.

"Heer, red my tog";

het Hy my stem gehoor.

Psalm 116:2

God is genadig, Hy hoor my gebed.

Aan hulpeloses bied Hy sy ontferming.

Die magtelose vind by Hom beskerming.

Hy is regverdig, Hy het my gered.

Psalm 116:7

Voor almal sal ek Hom my dank bewys.

Ek sal voor God my hou by my beloftes,

en ek betaal Hom altyd my geloftes.

Daar in sy huis sal ek die Here prys.

Wegstuurseën
Amen Amen Amen